HOËRSKOOL PORTERVILLE

Posbus 22
6810

Tel: (022) 931 2174
Faks: (022) 931 3321
e-pos: admin@porterhs.co.za

23 Oktober 2020 **1870**

Kwartaalbrief 3/2020

Geagte Ouers

1. *ONS IS DANKBAAR*

COVID-19 was nie deel van ons plan nie. In die twee maande weg van die skool het ons baie dinge besef: Goeie WiFi red lewens. En hoe ongelooflik dankbaar ons vir hierdie skool en sy mense is. Dankie aan 'n personeel wat COVID-19 se aanpassings met grasie en entoesiasme oorwin het. Ons is dankbaar vir 'n Beheerliggaam wat vierkantig agter die skool gestaan het en ouers wat ons vertrou met hul kosbaarste besittings. Dié terugkeer was 'n tweede kans om vir mekaar die dinge te sê wat ons nog altyd wou sê, die dinge te doen wat ons nog altyd wou doen (mits jy 'n masker aan het). Dit is belangriker as ooit om na mekaar uit te reik (emosioneel, nie fisies nie) en die verskil te wees. 2020 toets beslis ons uithouvermoë, want ons ideale 150 skooljaar verloop beslis anders as wat ons ons voorgestel het. Ons glo egter dat elke liewe een van ons sterker aan die ander kant gaan uitkom. Wat 'n voorreg is dit nie dat ons wel tyd saam kon spandeer met vriende by die skool – al is dit met 1,5 meter tussen ons. 'n Positiewe uitkyk gaan ons deur COVID-19 kry!

2. SKOOLTYE VIR DIE VIERDE KWARTAAL

Skool heropen	:	Maandag, **2 November** 2020 om **07:30.**
Graad 1	:	07:30 - 13:15
Graad 2 - 11	:	07:30 - 14:00

LET WEL: DIE SKOOL BEGIN MET **MAANDAG** SE ROOSTER.

- **Gr 2 en 3 begin met Groep 1**
- **Gr 4 – 6 begin met Groep A**
- **Gr 7 begin met A-L**
- **Gr 8 – 11 kom elke dag skooltoe met volledige skooldrag.**

3. LAASTE DAG: GRAAD 12 LEERDERS

Die uitstapdag van die graad 12 leerders was op Dinsdag, 22 September 2020**.**

Die amptelike begindatum van hul finale eksamen is Donderdag, 5 November 2020. Die LO is reeds op Maandag, 19 Oktober en die RTT VI (Prakties) op Woensdag, 21 Oktober 2020 afgelê. Die eksamen eindig op Dinsdag, 15 Desember.

Die leerders skryf vanjaar weer in die CJV-saal (die saal langs die Kerk, oorkant die Ouetehuis).

Ons vra dat u ons matrieks in u gebede sal opdra.

4. PERSONEEL

Ons wil net graag die Personeel opreg bedank wat te midde van ‘n baie besige kwartaal as gevolg van die Covid-19 pandemie die akademie nog steeds eerste stel en ons kinders bemagtig in hulle kennis.

5. VOORLOPIGE SKOOLKALENDER: 2021

KWARTAAL	BEGIN- EN EINDDATUM
1	25 Januarie - 31 Maart (opvoeders) 27 Januarie - 31 Maart (leerders)
2	13 April - 25 Junie
3	13 Julie - 23 September
4	05 Oktober - 08 Desember (leerders) 05 Oktober - 10 Desember (opvoeders)

6. RAPPORTE

U kind het vanoggend sy/haar rapport ontvang. Daarin kan u sien hoe u kind gedurende hierdie kwartaal akademies gevorder het. Die getekende rapporte moet asseblief weer terug gestuur word sodra die skool heropen op **Maandag, 2 November 2020.**

Geen rapporte sal gepos word nie. Gesels met u kind oor hulle akademie. Prys uitbundig waar hulle dit verdien en spreek aan waar dit nodig is. U speel ‘n belangrike rol in u kind se lewe.

7. AFWESIGHEDE

Ons is baie bekommerd oor die onnodige afwesigheid van ons leerders. Ons herinner ouers graag daaraan dat in geval van afwesigheid, ouers die skool telefonies of per brief in kennis moet stel. Tydens siekte moet ‘n mediese sertifikaat ingehandig word. Indien u kind ‘n hele dag of slegs ‘n gedeelte van die skooldag wil neem, moet ‘n versoek skriftelik aan Mnr. W. Engelbrecht gerig word. Ons kan nie leerders laat gaan wat nie vooraf reëlings getref het nie.

8. BAADJIES

Die huidige graad 7 leerders moet onthou dat baadjies vanaf graad 8 verpligtend is. Baadjies kan aangekoop word by Kaap Agri.

9. PRYSUITDELING

Covid-19 het baie van ons ou planne in wonderlike kreatiewe nuwe planne laat ontwikkel. Vanjaar se Prysuitdeling gaan as 'n "youtube" aanbieding gedoen word. Hierdie aanbieding sal Maandagaand, 9 November plaasvind. Die volledige reëlings en inligting sal volgende kwartaal aan u deurgegee word.

Ons vereer weer ons kinders en ons opregte behoefte is om alle leerders waardige erkenning te gee.

Die volgende sal geskied tydens die "youtube" aanbieding:

Sport:	Somer sportsoorte toekennings
Akademie:	Graad 12 leerders
	Prestige toekennings
Spesiale toekennings:	Leerder van die Jaar HS en LS
	2019 A Kandidate
	Dux leerders HS en LS
HS en LS VRL:	Aankondiging van die Hoofleiers

Ons het nie van ons ander leerders vergeet nie, hul erkenning sal in die nuwe jaar plaasvind.

10. BENODIGDHEDE VIR VAKKE – GRAAD 2-12

Die lys van benodigdhede wat die graad 2-12 leerders nodig sal hê vir volgende jaar, is ingesluit in die koevert saam met u kind se rapport. Gr. 1-leerders sal op 'n later stadium in kennis gestel word van wat hulle benodig.

11. BEGROTINGSVERGADERING: SKOOL EN KOSHUIS SKOOLFONDS & LOSIESGELD 2021

Ons wag op die Direkteur se antwoord rakende die hantering en formaat wat hierdie vergadering mag aanneem onder die Covid-19 vlak 1 inperking regulasies.

Agenda vir vergadering:

Opening & Verwelkoming
Verskonings
Goedkeuring van vorige notule
Voorlegging van HSP begroting vir 2021
Voorgestelde begroting HSP: Aanvaarding/Terugverwysing na Beheerliggaam vir heroorweging.
Voorlegging van HvR begroting vir 2021
Voorgestelde begroting HvR: Aanvaarding/terugverwysing na Beheerliggaam vir heroorweging.
Vergadering verdaag.

'n Mosie sal by die vergadering voorgestel word wat deur die meerderheid ouers daar teenwoordig wat stem, goedgekeur moet word vir die goedkeuring van die voorgestelde begroting en skoolgelde. Hierdie besluit sal op alle ouers bindend wees. Nadat die ouers die begroting goedgekeur het, moet die Beheerliggaam dit op sy beurt goedkeur, aangesien die ouervergadering die voorgestelde begroting kan wysig. As die ouervergadering of die Beheerliggaam daarná, nie die begroting goedkeur nie, sal nog 'n ouervergadering belê moet word om 'n gewysigde begroting voor te lê.

Huidige skoolfonds en losiesgelde vir 2020, asook voorgestelde begroting vir 2021, onderhewig aan verandering/goedkeuring deur Beheerliggaam op Beheerliggaamvergadering wat op 2 November 2020 sal plaasvind.

PER JAAR PER LEERDER	**2020**	**% verhoging**	**Voorgestel vir 2021**
SKOOLFONDS	R 13 500-00	6.7	R 14 400-00
LOSIESGELD	R 19 200-00	6.7	R 20 500-00

Die kriteria en prosedures vir aansoek om kwytskelding/gedeeltelike kwytskelding is by die skool verkrygbaar. **Geen aansoek om vrystelling wat nié aan die voorskrifte voldoen nie, sal oorweeg word nie, tensy die beheerliggaam oortuig kan word van buitengewone omstandighede wat die nienakoming van die prosedure regverdig.** Aansoekvorms t.o.v vrystelling van skoolfonds en subsidie vir losiesgeld, sal vanaf 1Desember by die finansiële kantoor beskikbaar wees.

12. HSP WEBWERF

Die webwerf adres van die skool is: http://www.hsporterville.wcape.school.za vir die van u wat die webwerf wil besoek. Die weekbrief is ook weekliks beskikbaar op die webwerf.

13. D6 COMMUNICATOR

Alle nuus rakende skoolaangeleenthede, asook die weekbrief kan op Communicator gevind word. Ouers wat nog nie die D6 Communicator-webwerf op hulle fone of rekenaar afgelaai het nie, kan dit by die volgende skakel aflaai by http://www.d6technology.com/downloads/school

14. SPORT

L/S Tennis
Die volgende 3 leerders is in die Kavalier Platteland Tennisspanne opgeneem:

O/10 Edrich Redelinghuys
Braam Theron
O/12 Heinrich Redelinghuys

Baie geluk!!

15. SKOOLFONDS

Onthou asseblief om u kind/kinders se skoolfonds op datum te betaal.

Dit gebeur gereeld dat gelde ontvang word sonder ‘n verwysing. Maak asseblief seker dat die leerder se naam en graad gemeld word by die verwysing.

Dankie aan die ouers wat hulle kind/kinders se skoolfonds betaal.

16. WEEKPROGRAM

Vrydag,	23 Oktober	-	**Skool sluit**
Saterdag,	24 Oktober	-	
Maandag,	02 November	-	**Skool heropen om 07:30** Saalbyeenkoms om 07:30 Skool verdaag om 14:00 Personeelvergadering om 14:15 BHL vergadering
Woensdag,	03 November	-	Begrotingsvergadering met ouers
Donderdag,	04 Novbember	-	
Vrydag,	05 November	-	NSS Eksamen - Eng 1ste Add Taal V1
Saterdag,	06 November	-	

SLOTWOORD

Aan al ons Matrikulante van 2020 - Covid-19 het gewis julle jaar deurmekaar kom krap, maar ten spyte van die pandemie het almal hard gewerk vir hierdie oomblik. Ons het volle vertroue in die klas van 2020. Ons wil hê dat julle moet weet dat ons julle ten volle ondersteun. Nou hang dit nog net van julle af om te wys wat julle kan doen. Ons weet dat ons trots op julle sal kan wees. Sterkte met die voorbereiding vir die eksamen wat vinnig nader snel.

Na ‘n besige kwartaal, wens ons almal ‘n aangename rustyd toe.

Geniet die vakansie!!

Willem Engelbrecht
Skoolhoof

NIGHT
RUN
5 NOVEMBER 2020
18:00
5KM & 2,5 KM
R30 (GLOW STICKS INGESLUIT)
BETAAL BY BEGINPUNT
BEGIN BY HSP RUGBYVELD

“Open garden tea”



by Philippa Olivier
Kom geniet koek en tee
in HOUDCONSTANT
se pragtige tuin.
Fondsinsameling ten bate
van MATRIEKAFSKEID
2021.

Saterdag,
31 Oktober 2020
9:00 – 14:00